WESTERN CAPE
LIQUOR AUTHORITY

# BELANGERIKE KENNISGEWING

## UITNODIGING VIR NOMINASIES VIR DIE AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE BEHEERRAAD VAN DIE WES-KAAPSE DRANKOWERHEID

Die Wes-Kaapse Drankowerheid ("WKDO") is by artikel 2 van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008)("die Wet"), ingestel. Daar is tans vakatures in die beheerraad ("die Raad") van die WKDO vir persone wat aan die onderstaande vereistes voldoen. Belanghebbende persone word uitgenooi om kandidate te benoem wat na hul mening geskik is om aangestel te word as lede van die Raad. 'n Soortgelyke uitnodiging vir benoemings is onder Provinsiale Kennisgewing 119/2023 van 17 November 2023 gepubliseer en kan gevind word op die webblad https://www.westerncape.gov.za/dept/community-safety

Die verantwoordelikhede van 'n lid is onder meer die bywoning van en deelname aan vergaderings van die Raad en die vervul van enige ander funksies bepaal in die Wet en ander tersaaklike wetgewing.

**Benoemdes moet aan die volgende vereistes voldoen:**

(a) minstens 25 jaar oud wees;
(b) 'n Suid-Afrikaanse burger en permanent in die Wes-Kaap woonagtig wees;
(c) nie ingevolge artikel 5 van die Wet gediskwalifiseer wees nie;
(d) beskik oor toepaslike kennis van of ondervinding in—
 (i) stelsels en prosesse om toe te sien dat behoorlike rekenpligtigheid, integriteit en openheid in die bestuur van die sake van 'n organisasie toegepas word; of
 (ii) die hantering van die bestryding van die negatiewe maatskaplike gevolge van die misbruik van drank.

Alle benoemings moet die redes uiteensit waarom die benoemde homself of haarself as geskik ag vir aanstelling as 'n lid van die Raad en moet vergesel wees van die benoemde se mees onlangse curriculum vitae.

Alle benoemings moet skriftelik ingedien word in die vorm van Vorm 1 in Aanhangsel 3 van die Wes-Kaapse Drankregulasies, 2011, tesame met die benoemde se curriculum vitae. Benoemingsvorms kan op versoek by adv Kagiso Kraai verkry word by kagiso.kraai@westerncape.gov.za of vanaf die webblad by https://www.wcla.gov.za/members_of_the_board.

Aanstellings sal gemaak word met ras- en gelagsensitiwiteit. Lede van die Raad word deeltyds aangestel vir 'n tydperk bepaal deur die Provinsiale Minister en mag nie vier jaar oorskry nie.

Alle benoemings moet voor of op 14 December 2023 ingedien word deur dit—

**(a) te pos aan:**
Adv. Kagiso Kraai
Departement van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid
Posbus 5346
Kaapstad 8000;

**(b) te e-pos na:**
kagiso.kraai@westerncape.gov.za
(Merk die onderwerp duidelik: WKDO-BENOEMINGSVORM);

**(c) te faks na:**
021 483 6412; of

**(d) af te lewer by:**
Die Hoof van die Departement van Gemeenskapsveiligheid
Ontvangs
Grondverdieping
Waalstraat 35
Kaapstad.

**Navrae kan gerig word aan adv Kagiso Kraai:**
**Tel:** 021 483 6376; of
**E-pos:** kagiso.kraai@westerncape.gov.za.
Alle benoemings sal as hoogs vertroulik behandel word.